higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

EDUCARE DIDAKTIEK TEORIE EN PRAKTIES N4

(7080104)

28 Mei 2021 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye.

103Q1J2128

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
EDUCARE DIDAKTIEK TEORIE EN PRAKTIES N4
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke vraag op 'n nuwe bladsy.
5. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK te skryf.

1.1.1 Die meeste aktiwiteite in 'n babakamer kan daagliks aangebied word. ⌘

1.1.2 Fisieke (aktiewe) spel sluit alle vorms van spel in waar babas hul groot en fyn motoriese spiere gebruik.

1.1.3 Wanneer 'n baba op sy/haar rug lê en sy/haar arms en bene beweeg, ontwikkel hy/sy manipulerende vaardighede.

1.1.4 Babas onder die ouderdom van twee is nog in die sensoriese ontwikkelingstadium. ⌘

1.1.5 Om voorwerpe neer te sit is 'n maklike aktiwiteit wat geen vaardigheid vereis nie.

1.1.6 Tydens fantasiespel druk kinders slegs negatiewe gevoelens uit.

1.1.7 Babas leer van taal selfs voordat hulle begin praat.

1.1.8 Kinderstories behoort nie herhaling te bevat nie.

1.1.9 Dit is 'n goeie idee om vir kinders 'n model te wys wat hulle tydens kunsaktiwiteite kan kopieer. ⌘

1.1.10 Kinders moet net op papier verf.

(10 × 2) (20)

1.2 Kies 'n item uit KOLOM B wat by 'n beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–Q) langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.15) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.2.1	Verwys na die studie van die manier waarop klank trek	A	veelsydig
1.2.2	Genoeg vars lug in die vertrek	B	akoesties
1.2.3	Waarna iets voel as dit aangeraak word ⌘	C	kunsmatige verligting
1.2.4	Slaap-, voeding- en toilet-areas	D	ventilasie
1.2.5	Houers wat oop en toe gemaak kan word, kom in hierdie area voor	E	tekstuur
1.2.6	'n Area waar siek kinders kan lê	F	manipulasie-area
1.2.7	Kinders leer deur goed uitmekaar te haal	G	isolasievertrek
1.2.8	Bou met blokke	H	mat-area
1.2.9	Kinders wat hul verbeelding gebruik	I	roetine-areas ⌘
1.2.10	Indien iets meer as een gebruik het	J	konstruksiespel
1.2.11	Enige speelding wat gegooi of geskiet kan word	K	fantasiespel
1.2.12	Word op 'n daaglikse grondslag voltooi om te sien watter kinders teenwoordig is	L	ontdekking-spel
1.2.13	'n Opsomming van daaglikse waarneming en evaluasie van 'n baba ⌘	M	projektiel
1.2.14	In hierdie verslag word elke aspek van die kind se totale ontwikkeling hanteer	N	kontrolelys
1.2.15	'n Lys kriteria of vaardighede wat die kind in staat moet wees om uit te voer	O	maandelikse waarnemingsverslag
		P	teenwoordigheidsregister
		Q	vorderingsverslag

(15 × 2) (30)
[50]

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B

VRAAG 2

2.1 Kopieer en voltooi die tabel in jou ANTWOORDBOEK. Vul EEN psigologiese effek wat die kleur op die kind het en EEN area waarvoor die kleur die mees geskikte sal wees, in die tabel in. ⌘

Kleur	Psigologiese effek	Mees geskikte area om te gebruik
Rooi		
Groen		
Blou		
Geel		
Wit		
Oranje		

(6 × 2) (12)

2.2 Die temperatuur in die babakamer behoort regdeur die jaar konstant en gemaklik gehou te word.

Verduidelik hoe die temperatuur in die babakamer beheer kan word.

⌘ (4 × 1) (4)

2.3 2.3.1 Bespreek die waarde van morsige spel ('messy play'). (4 × 2) (8)

2.3.2 Noem VIER morsige-spel-aktiwiteite. (4 × 1) (4)

2.3.3 Bespreek die tyd, plek en metode om morsige-spel-aktiwiteite aan te bied. (3 × 2) (6)

⌘

2.4 Ontdekkingsaktiwiteite kan kinders help om hul sintuie te ontdek.

Noem VIER verskillende voorwerpe wat gebruik kan word om kinders te help om hul reuksintuig te ontdek. (4 × 1) (4)

2.5 Kinders gaan deur verskillende speelstadia.

Identifiseer en bespreek die speelstadium in elkeen van die onderstaande foto's. ⌘

2.5.1



[Bron: www.mamaot.com]

(1 + 3) (4)

2.5.2




⌘

[Bron: www.america.aljazeera.com]

(1 + 3) (4)

2.5.3



⌘

[Bron: www.tomorrowvoices.org]

(1 + 3) (4)

[50]

VRAAG 3

3.1 3.1.1 Definieer die term, *observasie*, met betrekking tot babas in 'n crèche. (3)

⌘

3.1.2 Verduidelik hoe 'n mens sal verseker dat behoorlike observasie in die klaskamer plaasvind. (8 × 1) (8)

3.2 Die personeel en dagmoeder in die VKO-sentrum het bepaalde behoeftes.

Verduidelik hoe daar aan hierdie behoeftes voldoen moet word. (4 × 2) (8)

3.3 'n Versorger kan nie sommer besluit watter aktiwiteit sy volgende wil doen nie.

⌘

Verduidelik waarom geskrewe beplanning in die VKO-sentrum belangrik is. (7 × 1) (7)

3.4 Kopieer die volgende lesplan in jou ANTWOORDBOEK oor en voltooi dit deur 'n taalaktiwiteit vir 'n groep van 3 (een- tot tweejariges) te beplan.

Algemene inligting • • • • • • (6 × 1)		
Inleiding **Doelwit**	**Aktiwiteit**	**Apparaat**
(3 × 2)		
Hoofaktiwiteit/Kern-doelwit	**Aktiwiteit**	**Apparaat**
(3 × 2)		
Samevatting **Doelwit**	**Aktiwiteit**	**Apparaat**
(3 × 2)		
Evaluering:		

⌘

(24)

[50]

VRAAG 4

4.1 Thandi is 'n versorger met ses babas in haar klas. Hulle is tussen die ouderdom van ses en 18 maande. Sy weet dat kinders van alle ouderdomme hulself deur musiek uitdruk.

4.1.1 Definieer die term, *musiek*. (2)

4.1.2 Verduidelik Thandi se rol as versorger in musiek-aktiwiteite vir babas. ⌘ (6 × 1) (6)

4.1.3 Noem vier 'instrumente' wat Thandi in haar klas kan gebruik. (4 × 1) (4)

4.2 Dit is belangrik om ouers by die VKO-sentrum betrokke te kry.

Bespreek verskillende maniere om ouers oor jou onderrigmetodes, speelgoed en spel by die VKO-sentrum in te lig. (6 × 2) (12)
⌘

4.3 'n Teken-aktiwiteit behoort daagliks as hoof- of aanvullende aktiwiteit aangebied te word. Die greep wat kinders gebruik wanneer hulle teken sal geleidelik verander.

Bespreek die hantering van tekeninstrumente, soos kryte, by babas van een tot twee jaar oud. (4 × 1) (4)

4.4 Lys VYF verskillende instrumente wat vir tekenwerk in die klaskamer gebruik kan word. (5 × 1) (5)

4.5 4.5.1 Bespreek die waarde van bokskonstruksie-aktiwiteite vir jong kinders. ⌘ (6 × 2) (12)

4.5.2 Noem VYF materiale wat vir bokskonstruksie gebruik kan word. (5 × 1) (5)

[50]

TOTAAL AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou